Vir die doel van remmingvereistes word 'n leunwabus as 'n kategorie O-handelsvoertuig beskou.

3.4 VEREISTES VIR KONTROLES EN HOORBARE WAARSKUTOESTELLE.

3.4.1 Kontroles: Alle kontroles wat in 'n voertuig aangebring is en wat vir die bestuur van die voertuig vereis word, moet so geplaas wees dat die bestuurder hulle kan bykom en in werking kan stel terwyl hy in die gewone bestuursposisie sit:

Met dien verstande dat die gewone bestuursposisie die posisie met die sitplekgordel vasgemaak is.

3.4.2 Hoorbare waarskutoestelle: 'n Voertuig moet voorsien wees van een of meer hoorbare waarskutoestelle wat sodanig is dat, as dit in werking gestel word, 'n aanhoudende klank voortgebring word by 'n peil van minstens 93 dB, bepaal volgens SABS 0169-1984 'Gebruikskode vir die bepaling van die prestasie van hoorbare waarskutoestelle (toeters) na installering in 'n motorvoertuig', soos by Goewermenskennisgewing 966 van 11 Mei 1984 gepubliseer.

3.5 VEREISTES VIR DEURE EN IN- EN UITGANGE: In die geval van 'n voertuig wat bedoel is om passasiers op 'n huurgrondslag of teen vergoeding te vervoer, moet die deure en die in- en uitgange, met inbegrip van dié van die nooduitgangtipe, van enige M₂- of M₃-motorvoertuig aan die vereistes van die toepaslike regulasies van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989), voldoen.

3.6 VEREISTES VIR SITPLEKKE, VERANKERINGS EN KEERTOESTELLE (VEILIGHEIDSGORDELS).

3.6.1 Sitplekke en sitplekverankerings: Met die uitsondering van sitplekke van die opklaptipe ("jockey"-tipe), die tipe wat sywaarts gerig of die tipe wat na agter gerig is, moet 'n voertuig voorsien wees van sitplekke en sitplekverankerings wat aan die toepaslike vereistes van SABS 1429-1987 'Motorvoertuigveiligheidspeksifikasie vir sterkte van sitplekke en hul verankerings', soos by Goewermenskennisgewing 1878 van 4 September 1987 gepubliseer, voldoen.

3.2.3 Windscreen wipers: With the exception of semi-trailer buses, a vehicle shall be fitted with at least one windscreen wiper capable of operation by means other than manual, and the windscreen wiper blade, when in operation, shall wipe the outside of the windscreen directly in front of the driver, evenly and efficiently.

3.3 REQUIREMENTS FOR BRAKES AND BRAKING EQUIPMENT: Braking equipment shall be fitted to a vehicle and shall comply with the relevant requirements given in either SABS 1207-1985 'Motor vehicle safety standard specification for braking' as published by Government Notice 6 of 3 January 1986 or SABS 1506-1990 'Motor vehicle safety specification for braking' as published by Government Notice 869 of 20 April 1990:

Provided that the specific requirements for the Type IIA testing of braking devices, as given in section 1.5 of Annex II in either of the above specifications, shall be applicable to all M₃ vehicles of gross vehicle mass exceeding 10 t, other than any vehicle designed and equipped as a Class I Urban bus.

For the purpose of braking requirements on a semi-trailer bus the vehicle shall be considered as a Category O commercial vehicle.

3.4 REQUIREMENTS FOR CONTROLS AND AUDIBLE WARNING DEVICES.

3.4.1 Controls: All controls that are fitted to a vehicle, and that are required for the operation of the vehicle, shall be so located that the driver can reach and operate them when seated in the normal driving position:

Provided that the normal driving position shall be with any seat belt fastened.

3.4.2 Audible warning devices: A vehicle shall be fitted with one or more audible warning devices such that when they are operated, a continuous sound is emitted at a level of at least 93 dB, determined in accordance with SABS 0169-1984 'Code of practice for determining the performance of audible warning devices (hooters) after installation in a motor vehicle' as published by Government Notice 966 of 11 May 1984.

3.5 REQUIREMENTS FOR DOORS, ENTRANCES AND EXITS: In the case of any vehicle intended to convey passengers for hire or reward, the doors, entrances and exits, including those of an emergency type, of any M₂ or M₃ motor vehicle shall comply with the requirements of the relevant regulations to the Road Traffic Act, 1989 (Act 29 of 1989).

3.6 REQUIREMENTS FOR SEATS, ANCHORAGES AND RESTRAINING DEVICES (SAFETY BELTS).

3.6.1 Seats and seat anchorages: Excluding seating that is of the folding tip-up (jockey), sideways-facing or rearward-facing type, a vehicle shall be fitted with seats and seat anchorages that comply with the relevant requirements given in SABS 1429-1987 'Motor vehicle safety specification for strength of seats and of their anchorages' as published by Government Notice 1878 of 4 September 1987.

3.6.2 Keertoestelle (veiligheidsgordels): Met die voorbehoud dat daar nie vereis word dat 'n keertoestel (veiligheidsgordel) aan 'n voertuig met 'n bruto voertuigmassa van meer as 3 500 kg aangebring moet wees nie, geld die volgende vereistes:

(a) Die keertoestelle (veiligheidsgordels) wat in 'n voertuig aangebring is, moet aan die toepaslike vereistes van SABS 1080-1983 'Standaardspesifikasie vir keertoestelle (veiligheidsgordels) in motorvoertuie vir insittendes van volwasse bou (hersiende vereistes)', soos by Goewermentskennisgewing 264 van 17 Februarie 1984 gepubliseer, voldoen.

(b) Die tipe en plasing van die keertoestelle (veiligheidsgordels) wat in 'n voertuig aangebring moet wees en die metode waarvolgens dit geïnstalleer is, moet aan die toepaslike vereistes van SABS 0168-1983 'Gebruikskode vir die installering van keertoestelle (veiligheidsgordels) in motorvoertuie', soos by Goewermentskennisgewing 265 van 17 Februarie 1984 gepubliseer, voldoen.

(c) Nie-beskermdesitplekke (kyk onderafdeling 4.3.3 van genoemde SABS 1430 soos in onderafdeling 3.6.3 van hierdie spesifikasie gespesifiseer) moet van minstens 'n keertoestel van die skootgordeltipe voorsien wees.

Vir die doel van hierdie onderafdeling —

(1) in sover dit voorste sitplekposisies betref en indien die sitplek 'n banktipe sitplek is, word elke volle 380-mm-breedte van die sitplek, by die breedste plek van die sitplek op sitplekhoogte met die deure toe gemeet, vir die doel van die aanbring van keertoestelle as 'n afsonderlike sitplek beskou; en

(2) geld dieselfde uitsonderings vir sitplekposisies as in 3.6.3.

3.6.3 Verankerings vir keertoestelle: Met die uitsondering van sitplekposisies met sitplekke van die opklaptipe ('jockey'-tipe), die tipe wat sywaarts gerig is of die tipe wat na agter gerig is en sitplekposisies in die agterste sitplekke van voertuie met 'n eenvoudige enkelkastipe konstruksie wat minstens drie rye sitplekke bevat, moet alle keertoestelle wat in 'n voertuig aangebring is, keertoestelverankerings hê wat aan die toepaslike vereistes van SABS 1430-1987 'Motorvoertuigveiligheidspesifikasie vir verankerings vir keertoestelle in motorvoertuie', soos by Goewermentskennisgewing 1878 van 4 September 1987 gepubliseer, voldoen:

Met dien verstande dat die voorste sitplekposisies in die middel slegs van twee onderste keertoestelverankerings voorsien moet wees.

3.7 VEREISTES VIR ELEKTRIESE VERBINDERS: Elke voertuig wat 'n elektriese kring van 12 V het en wat bedoel is om 'n sleepwa te sleep, moet voorsien wees van die sok van 'n tipe 12N7-elektriese verbinder wat aan die toepaslike vereistes van SABS 1327-1981 'Standaardspesifikasie vir elektriese verbinders vir sleep- en gesleepte voertuie', soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer, voldoen. In die geval van leunwabusse met elektriese kringe van 12 V, moet 'n tipe 12N7-prop aan die voorkant van die voertuig aangebring wees.

Die kontak aansluiters van genoemde sok moet met die elektriese kring verbind wees op die wyse wat in tabel 1 aangegee word.

3.6.2 Restraining devices (safety belts): Subject to the proviso that no restraining device (safety belt) be required to be fitted to any vehicle of gross vehicle mass exceeding 3 500 kg, the following requirements shall apply:

(a) The restraining devices (safety belts) that are fitted to a vehicle shall comply with the relevant requirements given in SABS 1080-1983 'Standard specification for restraining devices (safety belts) for occupants of adult build in motor vehicles (Revised requirements)', as published by Government Notice 264 of 17 February 1984.

(b) The type and location of the restraining devices (safety belts) required to be fitted to a vehicle and the method of installation thereof shall comply with the relevant requirements of SABS 0168-1983 'Code of practice for the installation of restraining devices (safety belts) in motor vehicles' as published by Government Notice 265 of 17 February 1984.

(c) Non-protected seats (see subsection 4.3.3 of the said SABS 1430 as specified in subsection 3.6.3 of this specification), shall be fitted with at least a restraining device of the lap belt type.

For the purposes of this subsection —

(1) for front seating positions, and if the seat is a bench-type seat, each full 380 mm width across the seat, measured at the widest point of the seat at seat level with doors closed, shall be considered to be an individual seat for the purpose of the fitting of restraining devices; and

(2) the same exclusions for seating positions shall apply as in 3.6.3.

3.6.3 Anchorages for restraining devices: Excluding seating positions that have seats of the folding tip-up (jockey), rearward-facing or sideways-facing type, and seating positions in the rear rows of seats on simple single box-type construction vehicles that contain at least three rows of seats, all restraining devices fitted to a vehicle shall have restraining device anchorages that comply with the relevant requirements given in SABS 1430-1987 'Motor vehicle safety specification for anchorages for restraining devices in motor vehicles' as published by Government Notice 1878 of 4 September 1987:

Provided that front central seating positions need only be fitted with two lower restraining device anchorages.

3.7 REQUIREMENTS FOR ELECTRICAL CONNECTORS: Each vehicle that has a 12 V electrical circuit and that is intended for drawing a trailer shall be fitted with a socket of a Type 12N7 electrical connector that complies with the relevant requirements given in SABS 1327-1981 'Standard specification for electrical connectors for towing and towed vehicles' as published by Government Notice 463 of 9 July 1982. In the case of semi-trailer buses with 12 V electrical circuits, a Type 12N7 plug shall be fitted to the front end of the vehicle.

The contact terminals of the said socket shall be connected to the electrical circuit as given in Table 1.

TABEL 1
VERBINDINGS VIR DIE SOK VAN 'N TIEPE
12N7-VERBINDER

1	2	3
Kontak No.	Stroomkring	Voorkeur-kleure vir are
1	Linkerrigtingwyser en, indien dit aangebring is, flitsnoodligte	Geel
2	Agterste mislig	Blou
3	Gemeenskaplike terugleiding .	Wit
4	Regterigtingwyser en, indien dit aangebring is, flitsnoodligte	Groen
5	Regteragterposisie- en buitelynmerkligte en agterregistrasieplaatverligtingstoestel	Bruin
6	Stopligte	Rooi
7	Linkeragterposisie- en buitelynmerkligte en agterregistrasieplaatverligtingstoestel	Swart

Opmerking: Indien die agterregistrasieplaat verlig word deur twee onafhanklike lampe, een deur kontak 5 en die ander deur kontak 7 gevoer, moet hulle so verbind wees dat geen lamp 'n gemeenskaplike verbinding met kontak 5 sowel as kontak 7 het nie.

3.8 VEREISTES VIR WAARSKUDRIEHOEKE: In die geval van 'n voertuig van meer as 3 500 kg waarby waarskudriehoeke as deel van die voertuigtoerusting verskaf word, moet sodanige waarskudriehoeke aan die vereistes van SABS 1329-1987 'Standaardspesifikasie vir truikaats- en fluoresserende waarskudtekens vir padvoertuie—Deel I: Driehoeke', soos by Goewermentskennisgewing 2227 van 9 Oktober 1987 gepubliseer, voldoen.

4. VEREISTES VIR DIE BEHEER VAN OMGEWINGSTEURNIS.

4.1 VERBOD OP RADIO- EN TELEVISIESTEURNIS: 'n Voertuig en die onderdele en toebehore daarvan moet voldoen aan die geldende toepaslike regulasies met betrekking tot versteuring van kommunikasie wat ingevolge die Radiowet, 1952 (Wet 3 van 1952), afgekondig is.

4.2 VERBOD OP LUGBESOEDELING: Die uitlaatgas uit die enjin van 'n voertuig moet sodanig wees dat dit aan die geldende toepaslike regulasies wat ingevolge die Wet op die Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), afgekondig is, voldoen.

4.3 VERBOD OP GERAASUITSTRALING.

4.3.1 Bewegende voertuie: Die geraas, uitgesonderd geraas afkomstig van hoorbare waarskudtoestelle, wat deur 'n voertuig uitgestraal word, bepaal volgens SABS 097-1975 'Gebruikskode vir die meting van motorvoertuiggeraasuitstraling', soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer, mag nie die volgende waardes oorskry nie:

(1) 84 dB(A) in die geval van 'n kategorie M_2 -voertuig met 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 3,5 t;

(2) 89 dB(A) in die geval van 'n kategorie M_2 -voertuig met 'n bruto voertuigmassa van meer as 3,5 t en in die geval van 'n kategorie M_3 -voertuig, waar albei kategorieë voertuie kragenhede het wat laer as 150 kW aangeslaan is; en

(3) 91 dB(A) in die geval van alle ander kategorie M_2 - en M_3 -voertuie.

TABLE 1
CONNECTIONS FOR THE SOCKET OF A TYPE
12N7 CONNECTOR

1	2	3
Contact No.	Circuit	Preferred core colour
1	Left-hand direction indicator and, where fitted, flashing emergency lights	Yellow
2	Rear fog light	Blue
3	Common return	White
4	Right-hand direction indicator and, where fitted, flashing emergency lights	Green
5	Right-hand rear position and end-out-line marker lights, and rear registration-plate illuminating device	Brown
6	Stop lights	Red
7	Left-hand rear position and end-out-line marker lights, and rear registration-plate illuminating device	Black

Note: When the rear registration plate is illuminated by two independent lamps, one fed from Contact 5 and one fed from Contact 7, they must be so connected that no lamp has a common connection with both Contacts 5 and 7.

3.8 REQUIREMENTS FOR WARNING TRIANGLES: In the case of any vehicle that exceeds 3 500 kg and is supplied with a warning triangle as part of the vehicle equipment, such a warning triangle shall comply with the requirements given in SABS 1329-1987 'Standard specification for retro-reflective and fluorescent warning signals for road vehicles—Part I: Triangles' as published by Government Notice 2227 of 9 October 1987.

4. REQUIREMENTS FOR THE CONTROL OF ENVIRONMENTAL INTERFERENCE.

4.1 SUPPRESSION OF RADIO AND TELEVISION INTERFERENCE: A vehicle, its components and its accessories shall comply with the current applicable regulations relating to interference with communications promulgated under the Radio Act, 1952 (Act 3 of 1952).

4.2 SUPPRESSION OF ATMOSPHERIC POLLUTION: The exhaust emission from the engine of a vehicle shall be such as to comply with the current applicable regulations promulgated under the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965).

4.3 SUPPRESSION OF NOISE EMISSION.

4.3.1 Vehicles in motion: With the exception of noise emission originating from audible warning devices, any noise emitted by a vehicle, determined in accordance with SABS 097-1975 'Code of practice for the measurement of noise emitted by motor vehicles' as published by Government Notice 463 of 9 July 1982, shall not exceed—

(1) 84 dB(A) for a Category M_2 vehicle having a gross vehicle mass not exceeding 3,5 t;

(2) 89 dB(A) for a Category M_2 vehicle having a gross vehicle mass exceeding 3,5 t and for a Category M_3 vehicle, both categories of which have power units rated at less than 150 kW, and;

(3) 91 dB(A) for all other Category M_2 and M_3 vehicles.

Om vir gebrek aan presisie in die meettoerusting toe te laat, moet die hoogste klankpeilaflesing wat verkry word met 1 dB(A) verminder word.

4.3.2. Stilstaande voertuie: Die geraas, uitgesonderd geraas afkomstig van hoorbare waarskutoestelle, wat deur 'n voertuig uitgestraal word, bepaal volgens SABS 0181-1981 'Gebruikskode vir die meting van geraas uitgestraal deur stilstaande padvoertuie', soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982, moet vir homologeerdoeleindes aange-teken word.

4.3.3 Omgewingsgeraasregulasies vir werkplekke: In die geval van 'n vervaardigde voertuig wat duidelik bestem is om 'n werkplek te word, moet die binnekant voldoen aan die toepaslike geraasregulasies wat ingevolge die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), afgekondig is, soos by Goewermentskennisgewing R. 2281 van 16 Oktober 1987 gepubliseer.

5. VEREISTES MET BETREKKING TOT METROLOGIESE GEGEWENS.

5.1 VOERTUIGAFMETINGS: Die afmetings van 'n voertuig moet aan die vereistes van die betrokke regulasies van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989) voldoen.

5.2 INLIGTING WAT VERTOON MOET WORD.

5.2.1 Inligtingsplate: 'n Voertuig moet 'n metaalda-taplaaf of -plate hê wat op 'n opvallende plek aan 'n deursigbare of 'n paneel in die enjingedeelte of die instrumentpaneel of in die voertuigkajuit bevestig is deur middel van klinknaels of sweising of volgens 'n ander metode wat dieselfde blywende bevestiging vir die lewensduur van die voertuig sal verseker.

5.2.2 Fabrikant se massa- en drywingsdata: Die volgende besonderhede van die voertuig moet leesbaar en op blywende wyse gedruk of gestempel wees op die dataplate wat volgens 5.2.1 vereis word:

- (a) Die bruto voertuigmassa, in kilogram, voorafgegaan deur die letters "GVM/BVM";
- (b) die bruto asmassas of bruto aseenhede-massas van elke as of aseenhede, in kilogram, voorafgegaan deur die letters "GA/BA" of "GAU/BAE", soos toepaslik;
- (c) die bruto kombinasie-massa, in kilogram, voorafgegaan deur die letters "GCM/BKM";
- (d) die netto drywing, in kilowatt, voorafgegaan deur die letters "P/D", bepaal volgens SABS 013 'Gebruikskode vir die bepaling van die werkverrigting (by netto drywing) van binnebrandenjins: Deel I—1988 Padvoertuigbinnebrandenjins by seespieël', soos by Goewermentskennisgewing 1652 van 19 Augustus 1988 gepubliseer;
- (e) in die geval van 'n leunwabus, die bruto klinkspilmassas soos deur die fabrikant gespesifiseer, in kilogram, voorafgegaan deur die letters "GKM/BSM".

5.2.3 Fabrikant se identifikasiedata: Die volgende data moet leesbaar en op blywende wyse op 'n opvallende plek op 'n voertuig of op die dataplate (dataplate) wat volgens 5.2.1 vereis word of as deel van 'n voertuigidentifikasienommer (VIN-kode) op genoemde plaat (plate) op die voertuig gedruk of gestempel wees:

- (a) Die onderstelnummer;
- (b) die fabrikant se modeltype;
- (c) die fabrikant se volle naam.

To allow for any lack of precision in the measuring equipment the highest sound level reading obtained shall be reduced by 1 dB(A).

4.3.2 Vehicles when stationary: With the exception of noise emission originating from audible warning devices, any noise emitted by a vehicle, determined in accordance with SABS 0181-1981 'Code of practice for the measurement of noise emitted by road vehicles when stationary' as published by Government Notice 463 of 9 July 1982, shall be recorded for homologation purposes.

4.3.3 Environmental noise regulations for work-places: In the case of any manufactured vehicle that is clearly intended to become a workplace, the interior shall comply with the applicable noise regulations promulgated under the Machinery and Occupational Safety Act, 1983 (Act 6 of 1983), as published by Government Notice R. 2281 of 16 October 1987.

5. REQUIREMENTS CONCERNING METROLOGICAL DATA.

5.1 VEHICLE DIMENSIONS: The dimensions of a vehicle shall comply with the requirements of the relevant regulations to the Road Traffic Act, 1989 (Act 29 of 1989).

5.2 INFORMATION TO BE DISPLAYED.

5.2.1 Information plates: A vehicle shall have a metal data plate or plates affixed by rivets, or by welding, or by any other method that will achieve similar permanency of attachment during the life of the vehicle, in a conspicuous position to a door post, or to a panel in the engine compartment, or to the dash panel, or in the vehicle cab.

5.2.2 Manufacturer's mass and power data: The data plates required in terms of 5.2.1 shall be legibly and permanently imprinted or stamped with the following information concerning the vehicle:

- (a) The gross vehicle mass, in kilograms, prefixed by the letters "GVM/BVM";
- (b) the gross axle mass-load or gross axle unit mass-load of each axle or axle unit, in kilograms, prefixed by the letters "GA/BA" or "GAU/BAE" as applicable;
- (c) the gross combination mass, in kilograms, prefixed by the letters "GCM/BKM";
- (d) the net power, in kilowatts, prefixed by the letters "P/D", determined in accordance with SABS 013 'Code of practice for the determination of performance (at net power) of internal combustion engines: Part I—1988: Road vehicle internal combustion engines at sea-level' as published by Government Notice 1652 of 19 August 1988;
- (e) in the case of a semi-trailer bus the gross king-pin mass-load as specified by the manufacturer, in kilograms, prefixed by the letters "GKM/BSM".

5.2.3 Manufacturer's identification data: The following data shall be legibly and permanently imprinted or stamped in a conspicuous position on a vehicle, or on the data plate(s) required in terms of 5.2.1, or as part of a vehicle identification number (VIN Code) on the said plate(s) on the vehicle:

- (a) The chassis number;
- (b) the manufacturer's model type;
- (c) the manufacturer's full name.

Hierbenewens moet die enjinnommer leesbaar op die enjinblok gestempel wees.

5.2.4 Voorsiening vir registrasie: Geskikte ruimtes moet vir die volgende besonderhede op die data-plaat(dataplate) voorsien wees:

(a) T kg (vir die tarra);

(b) V kg (vir die toelaatbare maksimum voertuigmassa);

(c) A kg of AU/AE kg, soos toepaslik (vir die toelaatbare asmassas of toelaatbare aseenheidsmassas van elke as of aseenheid);

(d) D/T kg (vir die toelaatbare maksimum sleepvoertuigmassa).

Die laaste voertuigfabrikant is verantwoordelik vir die aanbring van hierdie besonderhede op die dataplaat (dataplate).

5.3 KANTELHOEK: 'n Dubbeldekvoertuig mag nie omslaan as dit van die regop posisie met 'n hoek van minstens 23° na enige kant gekantel word nie.

Die belastingstoestande vir die kanteltoets moet voldoen aan die vereistes van die toepaslike regulasies van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989).

5.4 MEETEENHEDE: Alle meters, wysers of instrumente wat in 'n motorvoertuig aangebring is en wat in fisiese eenhede gekalibreer is, moet gekalibreer wees in eenhede soos voorgeskryf deur die geldende toepaslike regulasies wat ingevolge die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973), uitgevaardig is.

6. VEREISTES VIR VOERTUIGSTRUKTUUR, -TOERUSTING, -ONDERDELE EN -STELSLS.

6.1 SPOEDMETERS: 'n Voertuig, uitgesonderd 'n leunwabus, wat op 'n gelyk pad 'n spoed van meer as 25 km/h kan bereik, moet voorsien wees van spoedmeettoerusting wat aan die toepaslike vereistes van SABS 1441-1987 'Motorvoertuigveiligheidspesifikasie vir spoedmeteruitrusting op motorvoertuie', soos by Goewermentskennisgewing 1878 van 4 September 1987 gepubliseer, voldoen:

Met dien verstande dat 'n tagograaf wat aangebring is wat ook as spoedmeettoerusting dien, vrygestel is van die vereistes van genoemde SABS 1441-1987.

6.2 ENJIN, UITLAATSTELSEL EN TRANSMISSIE.

6.2.1 Enjin: Die enjin van 'n voertuig moet so van 'n bedekking voorsien wees dat enige deel van die enjin wat 'n gevaarbron uitmaak, buite die normale bereik van mense is.

6.2.2 Uitlaatstelsel: Die uitlaatstelsel van 'n voertuig moet so ontwerp, gebou en aan die voertuig aangebring wees dat geen deel van die uitlaatstelsel binne die passasierskompartement is nie en dat alle uitlaatgas uitgelaat word deur 'n uitlaattyp wat nóg na die linkerkant van die voertuig gerig is nóg op 'n plek binne of in lyn met die omtrekrand van die bakwerk uitlaat.

6.2.3 Transmissie: 'n Selfgedrewe voertuig moet toegerus wees met 'n transmissiestelsel wat dit moontlik maak om die voertuig in 'n voorwaartse sowel as 'n trurigting te beheer en te bestuur.

In addition, the engine number shall be legibly stamped on the engine block.

5.2.4 Provision for registration: Suitable spaces shall be provided on the data plate(s) for:

(a) T kg (for the tare);

(b) V kg (for the permissible maximum vehicle mass);

(c) A kg or AU/AE kg, as applicable (for the permissible axle mass-load or permissible axle unit mass-load of each axle or axle unit);

(d) D/T kg (for the permissible maximum drawing vehicle mass).

The responsibility for the marking of this information on the data plate(s) shall rest with the final vehicle manufacturer.

5.3 TILT ANGLE: A double-deck vehicle shall not overturn when it is tilted to either side at an angle of at least 23° from the upright position.

The conditions of vehicle loading for the tilt test shall comply with the requirements of the relevant regulations to the Road Traffic Act, 1989 (Act 29 of 1989).

5.4 MEASURING UNITS: All gauges, indicators or instruments that are fitted to a motor vehicle and are calibrated in physical units shall be calibrated in units as prescribed by the current applicable regulations promulgated under the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973).

6. REQUIREMENTS FOR VEHICLE STRUCTURE, EQUIPMENT, COMPONENTS AND SYSTEMS.

6.1 SPEEDOMETERS: With the exception of semi-trailer buses, a vehicle capable of exceeding a speed of 25 km/h on a level road shall be equipped with speedometer equipment that complies with the relevant requirements given in SABS 1441-1987 'Motor vehicle safety specification for speedometer equipment on motor vehicles' as published by Government Notice 1878 of 4 September 1987:

Provided that any tachograph fitted that also serves as speedometer equipment shall be exempted from the requirements of the said SABS 1441-1987.

6.2 ENGINE, EXHAUST SYSTEM AND TRANSMISSION.

6.2.1 Engine: The engine of a vehicle shall be so provided with a cover that any part of the engine constituting a source of danger is out of normal reach of a person.

6.2.2 Exhaust system: The exhaust system of a vehicle shall be so designed, constructed and fitted to the vehicle that no part of the exhaust system intrudes into the passenger compartment and that all exhaust gases are emitted through an exhaust pipe that is neither directed to the left side of the vehicle nor discharged anywhere within, or in line with, the periphery of the body skirt.

6.2.3 Transmission: A self-propelled vehicle shall be equipped with a transmission enabling it to be controlled and driven in both a forward and a reverse direction.

6.3 BRANDSTOFSTELSEL: Die opening vir die vul van 'n brandstoftank in 'n voertuig moet van 'n doeltreffende dop voorsien wees wat voorkom dat water of ander vreemde stof per ongeluk daarin kan kom.

6.4 BUITEBANDE: Die buitebande wat op die wiele van 'n motorvoertuig aangebring word, moet afmetings en laswaardes hê wat saambruikbaar is met die gespesifiseerde of toegelate vellings wat aan die vereistes van die toepaslike regulasies van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989), voldoen:

Met dien verstande dat indien sekere klas I-stedelijke busse ontwerp en bedoel is om met buitebande toegevoeg te word wat spesifiek slegs vir gebruik op stedelijke busse geklassifiseer is, daar 'n duidelike aanwysing vir die bestuurder vertoon moet word dat die maksimum spoed nie 60 km/h mag oorskry nie.

6.5 TOESTELLE VIR BESKERMING TEEN ONDERINRY VAN AGTER: Alle M_3 -voertuie moet voorsien wees van 'n toestel vir beskerming teen onderinry van agter wat aan die toepaslike vereistes van SABS 1055-1983 'Motorvoertuigveiligheid-standaardspesifikasie vir toestelle vir beskerming teen onderinry van agter', soos by Goewermentskennisgewing 785 van 14 Oktober 1983 gepubliseer, voldoen:

Met dien verstande dat agterenjinbusse en sekere voertuie volgens afdeling 5.2 of 5.5 van genoemde SABS 1055 uitgesluit mag word.

6.6 WIELKLAPPE: Alle M_3 -voertuie met 'n bruto voertuigmasse van meer as 7,5 t of in die geval van leunwabusse, van meer as 3,5 t, moet voorsien wees van wielklappe wat aan die toepaslike vereistes van SABS 1496-1989 'Spesifikasie vir wielklappe aangebring op motorvoertuie', soos by Goewermentskennisgewing 2008 van 22 September 1989 gepubliseer, voldoen:

Met dien verstande dat—

(a) wielklappe wat deur die voertuigfabrikant ontwerp en goedgekeur is, as 'n alternatief aangebring kan word; en

(b) onderstelvoertuie en onderstel-met-kajuitvoertuie wat na 'n plek bestuur word sodat die bakwerk aangebring kan word of na 'n handelaar vir sodanige voertuie, uitgesluit is van die aanbring van wielklappe.

7. VEREISTES VIR VOERTUIGVLOEISTOF.

7.1 HIDROULIESE REM- EN KOPPELAARVLOEISTOF: Die hidrouliese rem- en koppelaarstelsel van 'n voertuig moet aan die toepaslike vereistes van die geldende verpligte spesifikasie soos by Goewermentskennisgewing 128 van 17 Januarie 1975 gepubliseer, voldoen.

8. EKWIVALENTE VEREISTES: Daar kan geag word dat daar aan die vereistes van enige van die SABS-standaarde in die toepaslike dele van afdeling 3, 4, 5 en 6 voldoen is indien daar aan die betrokke EEC- of ECE-vereistes, in Tabel 2 aangegee, voldoen is.

6.3 FUEL SYSTEM: The orifice for filling a fuel tank on a vehicle shall be fitted with an effective cap that prevents incidental ingress of water or other foreign matter.

6.4 TYRES: The tyres fitted to the wheels of a motor vehicle shall have dimensions and loads compatible with the specified or permitted rims that comply with the requirements of the relevant regulations to the Road Traffic Act, 1989 (Act 29 of 1989):

Provided that if certain Class I Urban buses are designed and intended to be fitted with tyres that are specifically marked for "City Bus" use only, then a clear indication shall be placarded for the driver's information that the maximum speed shall not exceed 60 km/h.

6.5 REAR UNDERRUN PROTECTION DEVICES: All M_3 vehicles shall be fitted with a rear underrun protection device that complies with the relevant requirements given in SABS 1055-1983 'Motor vehicle safety standard specification for rear underrun protection devices' as published by Government Notice 785 of 14 October 1983:

Provided that rear-engined buses and certain vehicles in terms of section 5.2 or 5.5 of the said SABS 1055 may be excluded.

6.6 WHEEL FLAPS: All M_3 vehicles with a gross vehicle mass exceeding 7,5 t or, in the case of semi-trailer buses 3,5 t, shall be fitted with wheel flaps that comply with the relevant requirements given in SABS 1496-1989 'Specification for wheel flaps fitted to motor vehicles' as published by Government Notice 2008 of 22 September 1989:

Provided that—

(a) wheel flaps designed and approved by the vehicle manufacturer may be fitted as an alternative; and

(b) chassis-only and chassis-cab vehicles being driven to a place to have body work fitted or to a dealer of such vehicles are excluded from the fitment of wheel flaps.

7. REQUIREMENTS FOR VEHICLE FLUIDS.

7.1 HYDRAULIC BRAKE AND CLUTCH FLUIDS: The hydraulic brake and clutch fluids contained in the hydraulic brake and clutch systems of a vehicle shall comply with the relevant requirements of the current compulsory specification as published by Government Notice 128 of 17 January 1975.

8. EQUIVALENT REQUIREMENTS: The requirements of any of the SABS standards in the appropriate parts of sections 3, 4 and 6 may be deemed to have been met if compliance with the listed EEC or ECE requirements, given in Table 2, are achieved.

TABEL 2
EKWIVALENTE VEREISTES

1	2	3	4
Afdeling	SABS-standaard	EEC-riglyn	ECE-regulasie
3.1.1 Ligte.....	1376 Deel I, II en III	76/758, 89/516, 76/759, 89/277, 76/761, 89/517, 76/762, 77/538, 89/518, 77/539, 77/540	1, 2, 4, 5, 6, 7, 8, 19, 20, 23, 31, 37, 38
3.1.2 Ligtoestelle	1046	76/756, 80/233, 82/244, 83/276, 84/8, 89/27	48
3.2.1 Truspieëls	1436	71/127, 79/795, 85/205.....	46
3.2.2 Veiligheidsbeglasing	1191 1193		43
3.3 Remme en remming	1207 1506	71/320, 74/132, 75/524, 79/489, 85/647	13
3.4.2 Hoorbare waarskutoestelle	0169	70/388	28
3.6.1 Sitplekke en sitplekveranke- rings	1429	74/408, 81/577.....	17
3.6.2 Veiligheidsgordels	1080 en 0168	77/541, 81/576, 82/319.....	16
3.6.3 Verankerings vir keertoestelle ...	1430	76/115, 81/575, 82/318.....	14
4.3.1 Geraasuitstraling	097	70/159, 73/350, 77/212, 81/334 ...	9
6.1 Spoedmeters	1441	75/443	39
6.5 Toestelle vir beskerming teen onderinry van agter	1055	70/221, 79/490, 81/333.....	58

TABEL 2
EQUIVALENT REQUIREMENTS

1	2	3	4
Section	SABS Standard	EEC Directive	ECE Regulation
3.1.1 Lights.....	1376 Parts I, II and III	76/758, 89/516, 76/759, 89/277, 76/761, 89/517, 76/762, 77/538, 89/518, 77/539, 77/540	1, 2, 4, 5, 6, 7, 8, 19, 20, 23, 31, 37, 38
3.1.2 Lighting.....	1046	76/756, 80/233, 82/244, 83/276, 84/8, 89/27	48
3.2.1 Rear-view mirrors	1436	71/127, 79/795, 85/205.....	46
3.2.2 Safety glazing	1191 1193		43
3.3 Brakes and braking	1207 1506	71/320, 74/132, 75/524, 79/489, 85/647	13
3.4.2 Audible warning devices	0169	70/388	28
3.6.1 Seats and anchorages	1429	74/408, 81/577.....	17
3.6.2 Safety belts	1080 and 0168	77/541, 81/576, 82/319.....	16
3.6.3 Belt anchorages.....	1430	76/115, 81/575, 82/318.....	14
4.3.1 Noise emission	097	70/159, 73/350, 77/212, 81/334 ...	9
6.1 Speedometers	1441	75/443	39
6.5 Rear underrun protection	1055	70/221, 79/490, 81/333.....	58

No. R. 1539

5 Junie 1992

WET OP HOTELLE, 1965
(WET No. 70 VAN 1965)

Die Minister vir Administrasie en Toerisme het Goewermentskennisgewing No. R. 975 van 27 Maart 1992, uitgevaardig kragtens artikel 34 van die Wet op Hotelle, 1965 (Wet No. 70 van 1965), gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

Regulasie 1 word hierby gewysig deur die volgende woordskrywings by te voeg:

“**besette kamer**” ’n slaapkamer of enige ander kamer met ’n enkelingang wat deur een of meer gaste vir slaapdoeleindes gebruik word;

“**hefbare kamer**” ’n slaapkamer of enige ander kamer met ’n enkelingang wat deur een of meer gaste vir slaapdoeleindes gebruik word;

“**heffing**” die Toerisme Ontwikkelingsheffing betaalbaar aan die Raad ingevolge regulasie 22 (1) (b);

“**kamerheffing**” die bedrae betaalbaar aan die Raad ingevolge regulasies 22 (1) (a) en 23;

“**residensiële hotel**” ’n hotel waarvan die slaapkamers wat in die reël vir toeriste beskikbaar is, minder is as 50% van die totale getal slaapkamers beskikbaar per nag;

“**toeriste-hotel**” ’n hotel waarvan die slaapkamers wat in die reël vir toeriste beskikbaar is, minstens 50% is van die totale getal slaapkamers beskikbaar per nag;”.

Regulasies 22, 23 en 24 word hierby gewysig deur dit met die volgende regulasies te vervang:

“HEFFINGS BETAALBAAR AAN DIE RAAD:
TOERISTE-HOTELLE

22. (1) Die persoon wat die besigheid van ’n hotel bedryf waar sodanige hotel gegradeer is ingevolge artikel 16 van die Wet, moet—

(a) behoudens Regulasie 23 (1), (2), (3) en (4) hieronder, vir die periode 1 April 1992 tot 30 Junie 1992 die bedrae in die vorm van KAMERHEFFINGS teen ondergemelde skaal aan die Raad betaal, bereken op die getal hefbare kamers wat ingevolge subregulasie 23 (2) ten opsigte van sodanige hotel vasgestel is:

Gradering van hotel	Heffing per hefbare kamer per nag (BTW uitgesluit)	Heffing per hefbare kamer per nag (BTW ingesluit)
Een-ster.....	10 sent	11 sent
Twee-ster.....	18 sent	20 sent
Drie-ster.....	29 sent	32 sent
Vier-ster.....	37 sent	41 sent
Vyf-ster.....	47 sent	52 sent

Grading of hotel	Levy per leviabale room per night (VAT excluded)	Levy per leviabale room per night (VAT included)
One-star.....	10 cents	11 cents
Two-star.....	18 cents	20 cents
Three-star.....	29 cents	32 cents
Four-star.....	37 cents	41 cents
Five-star.....	47 cents	52 cents

No. R. 1539

5 June 1992

HOTELS ACT, 1965
(ACT No. 70 OF 1965)

The Minister for Administration and Tourism has amended Government Notice No. R. 975 of 27 March 1992, promulgated in terms of section 34 of the Hotels Act, 1965 (Act No. 70 of 1965), as set out in the Schedule.

SCHEDULE

Regulation 1 is hereby amended by the addition of the following definitions:

“**levy**” means the Tourism Development Levy payable to the Board in terms of regulation 22 (1) (b);

“**leviable room**” means a bedroom or any other room with a single entrance which is used for sleeping purposes by one or more guests;

“**occupied room**” means a bedroom or any other room with a single entrance which is used for sleeping purposes by one or more guests;

“**residential hotel**” means a hotel of which the bedrooms ordinarily available to tourists is less than 50% of the total bedrooms available per night;

“**room levy**” means amounts payable to the Board in terms of regulations 22 (1) (a) and 23;

“**tourist hotel**” means a hotel of which the bedrooms ordinarily available to tourists is not less than 50% of the total bedrooms available per night;”.

Regulations 22, 23 and 24 are hereby amended by the substitution therefor of the following regulations:

“LEVIES PAYABLE TO THE BOARD: TOURIST
HOTELS

22. (1) The person who conducts the business of a hotel where such hotel has been graded in terms of section 16 of the Act, shall—

(a) subject to Regulation 23 (1), (2), (3) and (4) hereunder, for the period 1 April 1992 to 30 June 1992 pay to the Board amounts by way of ROOM LEVIES at the undermentioned rates calculated on the number of leviabale rooms that have been determined in terms of subregulation 23 (2) for such hotel:

- (b) met ingang van 1 Julie 1992 die bedrae in die vorm van HEFFINGS teen ondergemelde skaal aan die Raad betaal, bereken op die aantal kamers wat beset was per nag van elke kalendermaand:

Gradering van hotel	Heffing per kamer wat beset was per nag (BTW uitgesluit)	Heffing per kamer wat beset was per nag (BTW ingesluit)
Een-ster.....	R1,00	R1,10
Twee-ster.....	R1,80	R1,98
Drie-ster.....	R2,60	R2,86
Vier-ster.....	R3,00	R3,30
Vyf-ster.....	R4,20	R4,62

Grading of hotel	Levy per room that was occupied per night (VAT excluded)	Levy per room that was occupied per night (VAT included)
One-star.....	R1,00	R1,10
Two-star.....	R1,80	R1,98
Three-star.....	R2,60	R2,86
Four-star.....	R3,00	R3,30
Five-star.....	R4,20	R4,62

(2) Die HEFFING kragtens subregulasie (1) is maandeliks agteruit betaalbaar aan die hoofkantoor van die Raad binne 30 dae vanaf die laaste dag van elke kalendermaand.

(3) Ingeval 'n persoon wat die besigheid van 'n hotel bedryf, ophou om dit aldus te doen voor verstryking van enige kalendermaand, is die HEFFING kragtens subregulasie (1) *pro rata*-betaalbaar aan die hoofkantoor van die Raad ten opsigte van elke kamer wat beset was per nag tot en met die nag voor die dag in die kalendermaand waarop opgehou is om die besigheid van 'n hotel te bedryf. Met dien verstande dat betaling van die *pro rata*-HEFFING sal geskied binne 14 dae vanaf die dag waarop opgehou is om die besigheid van 'n hotel te bedryf.

(4) Elke betaling van die HEFFING word vergesel van 'n skriftelike verklaring aan die Uitvoerende Direkteur op Vorm HR10 in hierdie Bylae—

- 4.1 waarin plegtig verklaar word hoeveel kamers per nag werklik beset was gedurende die voorafgaande kalendermaand; en
- 4.2 waarin die berekening van die HEFFING wat verskuldig is uiteengesit word; en
- 4.3 wat onderteken is deur die persoon wat die besigheid van 'n hotel bedryf of deur iemand wat skriftelik deur of namens hom gemagtig is as verantwoordelike persoon om sodanige skriftelike verklaring te maak; en
- 4.4 waarvan die persoon wat die besigheid van 'n hotel bedryf noukeurig rekord moet hou.

(5) Die HEFFING word gemaak kragtens die bepalinge van artikel 28 van die Wet en—

- 5.1 mag afsonderlik by die akkommodasietariewe van die hotelbesigheid gevoeg word met insluiting van Belasting op Toegevoegde Waarde; en

- (b) with effect from 1 July 1992 pay to the Board amounts by way of LEVIES, at the undermentioned rates, calculated on the number of rooms that were occupied per night of each calendar month:

(2) The LEVIES in terms of subregulation (1) are payable to the head office of the Board monthly in arrears within 30 days from the last day of each calendar month.

(3) In case a person who conducts the business of a hotel ceases to conduct the business before expiry of any calendar month, the LEVY in terms of subregulation (1) shall be payable *pro rata* to the head office of the Board in respect of each room that was occupied per night up to and including the night preceding the day of the calendar month on which it was ceased to conduct the business of the hotel. Provided that the payment of the *pro rata* LEVY shall be effected within 14 days from the date on which it was ceased to conduct the business of the hotel.

(4) Each payment of the LEVY shall be accompanied by a written statement to the Executive Director on Form HR10 in this Schedule—

- 4.1 in which it is solemnly declared how many rooms were actually occupied per night during the preceding calendar month; and
- 4.2 in which the calculation of the LEVIES owing are explained; and
- 4.3 which is signed by the person who conducts the business of a hotel or by someone who is authorised by him or on his behalf in writing as the person responsible to make such a written statement; and
- 4.4 of which the person who conducts the business of a hotel shall keep accurate record.

(5) The LEVIES are made under the provisions of section 28 of the Act and—

- 5.1 may be added separately to the accommodation tariffs of the hotel business, with inclusion of Value Added Tax;

5.2 is op die betrokke besette kamer van toepassing en nie op die aantal gaste wat in die kamer geakkommodeer word nie.

(6) Indien die HEFFING kragtens voormelde subregulasies stiptelik deur of namens die persoon wat die besigheid van 'n hotel bedryf, aan die Raad betaal word voor of op die voorgeskrewe tydstop, is die betrokke hotelbesigheid geregtig op invorderingsvergoeding bereken teen 'n koers van 5% (vyf persent) van die HEFFING wat per kalendermaand deur of namens gemelde hotelbesigheid aan die Raad oorbetal is en wat betyds deur die Raad ontvang is.

(7) Die Raad is onder geen verpligting om invorderingsvergoeding te betaal ten opsigte van HEFFINGS wat nie stiptelik op die voorgeskrewe wyse en tydstop aan die Raad betaal is en deur die Raad ontvang is nie.

(8) Invorderingsvergoeding wat deur die Raad verskuldig is ten opsigte van HEFFINGS wat stiptelik kragtens voormelde subregulasies ontvang is, word drie maandeliks agteruit deur die Raad aan die betrokke hotelbesigheid betaal. Betaling van invorderingsvergoeding deur die Raad, word gemaak binne 14 dae na ontvangs van die HEFFING ten opsigte van die voorafgaande 3 (drie) kalendermaande.

(9) Invorderingsvergoeding wat deur die Raad aan hotelbesighede betaal word, sluit Belasting op Toegevoegde Waarde in.

(10) Invorderingsvergoeding wat deur die Raad betaal word ingevolge subregulasie (6) is nie van toepassing op residensiële hotelle nie.

(11) Die koers waarteen invorderingsvergoeding bereken word en die voorwaardes waaronder dit deur die Raad betaal word, kan deur die Minister gewysig of geskrap word by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant*.

HEFFINGS BETAALBAAR AAN DIE RAAD: RESIDENSIËLE HOTELLE

23. (1) Die persoon wat die besigheid van 'n hotel bedryf waar sodanige hotel gegradeer is ingevolge artikel 16 van die Wet, moet die bedrae in die vorm van KAMERHEFFINGS teen ondergemelde skaal aan die Raad betaal, bereken op die getal hefbare kamers wat ingevolge subregulasie (2) ten opsigte van sodanige hotel vasgestel is:

5.2 apply to the occupied room concerned and not to the number of guests accommodated in such room.

(6) If the LEVIES in terms of the aforesaid subregulations are paid to the Board promptly on or before the prescribed time by or on behalf of the person who conducts the business of a hotel, the hotel business concerned shall be entitled to a collection compensation calculated at a rate of 5% (five per cent) of the LEVY which has been paid to the Board per calendar month by or on behalf of the hotel business mentioned and which was received by the Board on time.

(7) The Board is under no obligation to pay collection compensation in respect of LEVIES which were not paid to and received by the Board promptly in the prescribed manner and time.

(8) Collection compensation owing by the Board in respect of LEVIES which were promptly received in terms of the aforesaid subregulations, is paid by the Board to the hotel business concerned three-monthly in arrears. Payment by the Board of collection compensation, is effected within 14 days following receipt of the LEVIES in respect of the preceding 3 (three) calendar months.

(9) Collection compensation which is paid by the Board to hotel businesses, includes Value Added Tax.

(10) Collection compensation which is paid by the Board in terms of subregulation (6), does not apply to residential hotels.

(11) The rate at which collection compensation is calculated and the conditions under which it is paid by the Board, may be amended or cancelled by the Minister by way of notice in the *Government Gazette*.

LEVIES PAYABLE TO THE BOARD: RESIDENTIAL HOTELS

23. (1) The person who conducts the business of a hotel where such hotel has been graded in terms of section 16 of the Act, shall pay to the Board amounts by way of ROOM LEVIES at the undermentioned rates calculated on the number of leviable rooms that have been determined in terms of subregulation (2) for such hotel:

Gradering van hotel	Heffing per hefbare kamer per nag (BTW uitgesluit)	Heffing per hefbare kamer per nag (BTW ingesluit)
Een-ster.....	10 sent	11 sent
Twee-ster.....	18 sent	20 sent
Drie-ster.....	29 sent	32 sent
Vier-ster.....	37 sent	41 sent
Vyf-ster.....	47 sent	52 sent

Grading of hotel	Levy per leviable room per night (VAT excluded)	Levy per leviable room per night (VAT included)
One-star.....	10 cents	11 cents
Two-star.....	18 cents	20 cents
Three-star.....	29 cents	32 cents
Four-star.....	37 cents	41 cents
Five-star.....	47 cents	52 cents

(2) Die Raad moet wanneer hy 'n hotel ingevolge die bepalings van artikel 16 van die Wet gradeer, vasstel wat die totale getal hefbare kamers is soos bedoel in subregulasie (1). Indien 'n inspekteur van die Raad daarna, tydens 'n inspeksie om die aantal hefbare kamers te bepaal, vind dat die getal hefbare kamers aldus vasgestel, verander het, moet die Raad die vasstelling dienoooreenkomstig met inwerkingtreding vanaf die datum van sodanige inspeksie wysig.

(3) Die kamerheffings ingevolge subregulasie (1) is op die laaste dag van die kwartale eindigende 31 Maart, 30 Junie, 30 September en 31 Desember van elke jaar betaalbaar: Met dien verstande dat waar die persoon wat die hotelbesigheid bedryf, ophou om dit te doen voor die laaste dag van enige kwartaal, die kamerheffing *pro rata* deur hom betaalbaar is tot die laaste dag waarop hy sodanige hotelbesigheid bedryf het.

(4) Die kamerheffing word gemaak kragtens die bepalings van artikel 28 van die Wet en—

- 4.1 mag afsonderlik by die akkommodasietariewe van die hotelbesigheid gevoeg word met insluiting van Belasting op Toegevoegde Waarde; en
- 4.2 is op die betrokke hefbare kamer van toepassing en nie op die aantal gaste wat in die kamer geakkommodeer word nie.

OORTREDINGS

24. Iemand wat—

(1) die bepalings van regulasies 8 (5), 9 (2), (3), (4), (5), (6), 10 (4), 13 (1), (3), 14 (1), (2), (3), 15 (1), (3), 16, 17, 18 (1), (2), (3), 19, 20 (1), (2), (4), 21 (b), 22 (1), (2), (3), (4), 23 (1) en (3) oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n oortreding en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

25. Die byvoegings van die woordskrywings by Regulasie 1, Regulasie 22 (1) (a) en Regulasie 23 (1), (2), (3) en (4) word geag in werking te getree het op 1 April 1992 en Regulasie 22 (1) (b), (2), (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9), (10) en (11) tree in werking op 1 Julie 1992 en Goewermentskennisgewings R. 2514 gedateer 28 November 1986, R. 2590 gedateer 20 November 1987, R. 2620 gedateer 23 Desember 1988, Regulasie 22 (1), (2), (3), (4), (5), (6), (7) en (8) in Goewermentskennisgewing R. 1509 gedateer 28 Julie 1989, Goewermentskennisgewings R. 2409 gedateer 10 November 1989 en R. 1543 gedateer 28 Junie 1991 en Goewermentskennisgewing R. 975 gedateer 27 Maart 1992 word hierby herroep en vervang met Regulasie 22 (1), (2), (3), (4), (5), (6), (7), (8), (9), (10), (11) en Regulasie 23 (1), (2), (3) en (4) hierbo uiteengesit.”.

(2) The Board shall when grading a hotel in terms of section 16 of the Act, determine what the total number of leviable rooms referred to in subregulation (1) is. If, thereafter, at an inspection intended to determine the number of leviable rooms, an inspector of the Board finds that the number of leviable rooms so determined has changed, the determination shall be altered accordingly by the Board with effect from the date of such inspection.

(3) The room levies in terms of subregulation (1) shall be payable on the last day of the quarters ending 31 March, 30 June, 30 September and 31 December of each year: Provided that where the person who conducts the business of a hotel ceases to conduct the business on a date prior to the last day of any quarter, the room levies be payable *pro rata* on the last day he conducted such hotel business.

(4) The room and levies are made under the provisions of section 28 of the Act and—

- 4.1 may be added separately to the accommodation tariffs of the hotel business, with inclusion of Value Added Tax; and
- 4.2 apply to the occupied room concerned and not to the number of guests accommodated in such room.

OFFENCES

24. Any person who—

